

ēducātiō

Fakulteit Opvoedkunde



Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Februarie 2024



Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

ēducātiō

Fakulteit Opvoedkunde Publikasie

REDAKTEUR

Elbie Els
eels@sun.ac.za

SKRYWERS

Elbie Els
Anél Lewis
Hannelie Booyens
Dr Elzahn Rinquest
Shené Stassen
Zoe-Grace Bennett
Dr Oscar Koopman

VERTALING & REDIGERING

Taalsentrum

GRAFIESE ONTWERP & UITLEG

Elbie Els

DRUKWERK

African Sun Media

VOORBLADFOTO

Stefan Els

Voorbladfoto van links na regs:

Brent Louw
Ntando Nkosi
Faith Meyers
Prof Madiba (dekaan)
Chloe-Mae Laubscher
Wian Hanekom
Busisiwe Siko

Die menings wat in hierdie publikasie uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die redakteur, Fakulteit Opvoedkunde of Universiteit Stellenbosch nie.

VAN DIE REDAKTEUR



Ons staan aan die begin van 'n jaar vol potensiaal, moontlikhede en uitdagings. As ons terugkyk, vertel 2023 ons van baie mylpale wat bereik is, vordering wat gemaak is en persoonlike doelwitte wat bereik is.

Mag 2024 voortbou op die sukses van die verlede en 'n jaar wees waarin Fakulteit Opvoedkunde se invloed wyer strek en 'n nog groter impak maak.

Kontak my met nuusgebeure by:
eels@sun.ac.za

Hierdie uitgawe is in Afrikaans en Engels beskikbaar op Fakulteit Opvoedkunde se webwerf.

Elbie Els

Bemarking & Kommunikasie Koördineerder



VOORWOORD

Visedekaan: Onderrig en Leer

Dis weer tyd om die jaar wat verby gevlieg het, in oënskou te neem. Daar was natuurlik baie uitdagings. Hier dink ek aan 2023 wat afgeskop het met onverwagse groot getalle eerstejaars.

Personeel moes byna oornag hul planne en onderrigmetodes aanpas en selfs verander. Maar 'n paar werkswinkels en seminare later, en ons is daardeur.

Die suksesse en hoogtepunte was nie minder nie, soos wat u in hierdie uitgawe sal agterkom. Hierdie uitgawe spog met onderhoude met alumni wat op hulle onderskeie gebiede uitgeblyk het. Op sportgebied vertel Nicola Smith oor haar lewe as Protea-netbalspeler, terwyl Dillon Henwood, wat reeds sy merk as onderwyser gemaak het, ons oor sy Nasionale Onderwystoekenning inlig. Twee jong dosente, Delecia Davids en Dr Elzahn

Rinquest, se stories oor onderskeidelik 'n nuwe assesseringsmetode en 'n besoek aan Noorweë word gedeel.

U kan ook lees oor personeel wat boeke gepubliseer het. Baie spesiaal is artikels oor vyf personeellede wat einde 2023 afgetree het. Ons maak ook die studente se keuse van Dosent van die Jaar en die nuwe Studentekomitee (OSK) bekend. Foto's van die vierdejaarsdans en studente tydens hulle praktiese onderwys word gedeel. Die suksesverhale van vierdejaars wat hulle ervarings oor die afgelope vier jaar met ons deel, behoort lesers te interesseer.

Alles inaggenome is hierdie 'n opwindende uitgawe wat sal boei. Lekker lees!

Prof Michael le Cordeur



inhoud





Boodskap van die Dekaan6

GRADUANDI

Trotse graduandi vier fees8
 Eerste studente van die Gevorderde Diploma in Skoolleierskap en -Bestuur gradueer10
 SciMathUS speel deurslaggewende rol in Fisher-Smith se onderwysreis.....14



ALUMNI

'n Trotse Protea: Nicola Smith16
 Nasionale Onderwystoekenning vir Dillon Henwood18



STUDENTE

Harde werk word beloon20
 Opvoedkunde Studentekomitee streef na uitnemendheid21
 'n Dans om te onthou vir 2023 se vierdejaars22
 Terugblik: Vierdejaars deel hulle ervarings23
 Prakties in skole rus studente toe vir die klaskamer24

PERSONEEL

Dosent van die jaar 2023 aangewys26
 Vyf steunpilare gegroet27
 Prof Waghid se akademiese bydraes gevier voor sy aftrede29
 Horisonne Oorbrug: 'n Suid-Afrikaanse akademikus se reis na die SANORD-konferensie in Noorweë30
 Leer ken: Dr Chisale31
 Leer ken: Dr Koopman32
 Gepubliseerde boeke deur Fakulteit Opvoedkunde se personeel.....33
 Buite-die-boks-leer met digitale ontsnapkamerassesserings ...34



GEBEURE

Vir jou dagboek36

Boodskap van die **Deka**an



FOTO: Stefan Els

Aan die begin van 'n nuwe jaar is dit met groot plesier dat ek my hartlike waardering aan elkeen van julle uitspreek vir julle onwrikbare toewyding en harde werk wat die sukses van ons fakulteit in die afgelope akademiese jaar bepaal het. Ons gesamentlike pogings het ons fakulteit tot nuwe hoogtes gedryf, wat 'n suksesvolle en transformerende tydperk in ons akademiese reis aandui.

Die hoogtepunt van verlede jaar was ongetwyfeld ons merkwaardige styging in die globale aansien van onderwys, soos weerspieël in die 2023/2024 *Times Higher Education (THE) World University Rankings* per vak. Ons fakulteit het met 'n indrukwekkende 50 plekke geklim, wat ons posisie onder die top 200 fakulteite van Opvoedkunde wêreldwyd verstewig. Hierdie prestasie resoneer met ons gedeelde visie om 'n toonaangewende navorsingsintensiewe instelling te word wat erken word vir uitnemendheid, innovasie en inklusiwiteit.

Jou toewyding en harde werk het nie net bygedra tot ons globale aansien nie, maar was ook instrumenteel in die suksesvolle voltooiing van ons eerste fakulteitsoorsig sedert 2012. Die goedkeuring van die finale verslae deur alle relevante strukture, insluitend die Senaat, en die hoë lof ontvang van die kwaliteitskomitee beklemtoon die ywer en toewyding wat deur ons fakulteitslede getoon word. Ons verwag gretig die implementering van die verbeteringsplanne oor die volgende twee jaar. Ten spyte van die uitdagings wat die onderwys in die gesig staar, veral as gevolg van groot getalle inskrywings, is ek bly om te rapporteer dat ons studente-deurvloei hoog bly. Meer as 500 voorgraadse studente, ongeveer 70 honneurs, 20 meesters- en 9 PhD's het aan die einde van 2023 gegradueer. Spesiale gelukwense aan prof Le Grange, wat 'n deurslaggewende rol gespeel het in die leiding van vyf PhD-kandidate tot suksesvolle voltooiing.

Op die gebied van navorsing het ons fakulteit 'n robuuste uitset gehandhaaf, wat navorsingskapa-

siteit en internasionale samewerking bevorder het. Ons het voortgegaan om ons fakulteitsinfrastruktuur te verbeter. Die opknapping van ons vergaderruimte op die vyfde verdieping nader voltooiing, wat die algehele omgewing vir samewerkende werk verbeter. Ons verbintenis tot tegnologiese vooruitgang is duidelik in die opgegradeerde IKT-infrastruktuur, die nuutste tegnologie in die Ed Psych Hub, en verbeterde WiFi-toegang regdeur die gebou. Planne is aan die gang om ons Biblioteek in 'n IKT-onderwysentrum te omskep.

Finansieël bly ons fakulteit sterk, met 'n beduidende verhoging van ons begrotingstoewyding, wat die neiging teëwerk wat gesien word in ander fakulteite wat begrotingsbesnoeiings in die gesig staar. Dit stel ons in staat om ons bedrywighede vol te hou en ons salarisverpligtinge na te kom, insluitend die voorgestelde vier persent salarisverhoging.

Ek is verheug om verskeie welverdiende bevorderings en aanstellings binne ons fakulteit aan te kondig, met erkenning van die uitstaande bydraes van individue soos dr Moen wat tot medeprofessorvlak bevorder is en drs Jacobs en Tshuma wat tot senior lektorvlak bevorder is. Baie geluk aan almal van hulle.

Ons het ook afskeid geneem van die volgende kollegas wat aan die einde van 2023 afgetree het: prof Yusef Waghid, prof Doria Daniels, prof Faaiz Gierdien, mev Sally le Roux en mev Jeannie Saffier.

Laastens wil ek my dank uitspreek teenoor my Vise-dekane, Fakulteitsbestuurder en Departementsvoorsitters vir hul harde werk en ondersteuning deur die jaar.



Prof Mbulungeni Madiba



Trotse graduandi vier fees

Meer as 500 opvoedkunde studente het op 15 Desember 2023 gradueer.

Dit sluit studente in wat 'n Baccalaureus in Opvoedkunde (BEEd), honneurs-, magister- of doktorsgraad (PhD) en Nagraadse Onderwysertifikaat (NOS) ontvang het. Gegradueerdes en gaste het die geleentheid ná afloop van die plegtigheid by die Alumni-klubhuis (Die Stal) gevier.

FOTO'S: Stefan Els





Eerste studente van die Gevorderde Diploma in Skoolleierskap en -Bestuur gradueer



Die eerste groep GD SLB studente het in Desember 2023 gradueer. Voor (tweede van links) is Dr Pauline Hanekom (Administratiewe Koördineerder SUNCEP), Prof Mbulungeni Madiba (Dekaan) en Dr Jennifer Feldman (Kursuskoördineerder, Departement Opvoedingsbeleidstudies) saam met van die studente. FOTO: Stefan Els

Die Gevorderde Diploma in Skoolleierskap en -Bestuur (GD SLB) se eerste 50 studente het in Desember 2023 gradueer.

Die nuwe GD SLB-kwalifikasie is daarop gemik om skoolleiers te bemagtig om die vaardighede, kennis en waardes te ontwikkel wat nodig is om skole as komplekse organisasies in 'n tyd van diverse veranderinge, uitdagings en geleenthede te lei en te bestuur, ten einde doeltreffend tot die verbetering van die implementering van leer

en onderrig van gehalte in skole by te dra. Die program teiken lede van skoolbestuurspanne wat oor bestuurservaring beskik en skoolhoofde is of wil wees. Die program volg 'n praktykgebaseerde filosofie van onderrig en leer om die gaping tussen teorie en praktyk te oorbrug en word deeltjyds oor twee jaar aangebied (aanlyn en in persoon).

Mthobi Ian Fihla



Op watter maniere het die kursus tot jou persoonlike en professionele groei bygedra?

Hierdie kursus was baie insiggewend ten opsigte van die begrip en implementering van beleide. Dit het die belangrikheid van kennis van

die agtergrond van die beleide wat ons in ons skole toepas, duidelik gemaak. Ek het geleer dat geen beleid teenstrydig met die hoogste wet van die land (die Grondwet) mag wees nie en dat alle ander wetgewing van die Grondwet afgelei en daarop gebaseer is. Byvoorbeeld, die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV) bring die reg op billike arbeidspraktyk ten uitvoer.

Ek het nooit gedink dat die WAV vir onderwys van belang was nie. Ek het hierdie wette nog altyd afsonderlik benader, maar die Gevorderde Diploma in Skoolleierskap en -Bestuur (GD SLB) het my geleer dat dit alles onderling verband hou. Vir 'n skool om funksioneel te wees, moet die leier dus in staat wees om hierdie wette toe te pas en seker te maak dat dit geïmplementeer word. Die beleide wat in skole geïmplementeer moet word, word uit die nasionale beleide afgelei en dan tot skoolbeleide pasgemaak. Laasgenoemde word ook aangepas tot graad-/fase-/vakbeleide.

Die kursus het my gehelp om te verstaan dat kennis van die beleide 'n mens in staat stel om enige situasie te hanteer en om die skoolbestuurspan (SBS), die skoolbeheerliggaam (SBL) en die skool as geheel te rig. Jy kan die finansies behartig en die wetgewing toepas om seker te maak dat die regte prosedures ten opsigte van skoolfinansies gevolg word en is ook in 'n posisie om die SBL en die finansieskomitee te rig. Die kursus het my ook 'n beter begrip van die konsep *'in loco parentis'* gegee en ek kan die betekenis daarvan en die gevolge van versuim aan my kollegas verduidelik.

Die dosent het een voorbeeld genoem van 'n swemafrigter wat nie die nodige voorkomende veiligheidsmaatreëls ingestel het voordat hy na die plek van afrigting vertrek het nie. Hy het geen bywoningslys gehad nie; daar was geen opvoeder wat die leerders vergesel het nie en die ouers is nie vooraf ingelig nie. Een van die leerders het per ongeluk verdrink en die afrigter het dit nie agtergekom nie, selfs nadat een van die ander leerders hom ingelig het dat een van die leerders weg was. Hy het geen ag daarop geslaan nie, totdat die ouers van die betrokke leerder oor hom begin navraag doen het. Hy het toe eers begin besef hoe belangrik 'n bywoningsregister is. Dit het my laat

“Deur die GD SLB-kursus het ek die vaardighede aangeleer wat nodig is om kollegas te lei en te besiel om hulle beste te lewer.”

besef dat sommige van die goed wat ons net as 'n las beskou, in werklikheid noodsaaklik is.

Deur die GD SLB-kursus het ek die vaardighede aangeleer wat nodig is om kollegas te lei en te besiel om hulle beste te lewer. Hierdie vaardighede is die dryfkrag agter die waardes wat in die leiding van 'n funksionele skool vasgelê is.

Wat is die mees beduidende insigte of ontwikkeling wat jy opgedoen het?

Die praktykgemeenskapsprojek het my geleer hoe om 'n projek te beplan, hoe om 'n projekteierspan saam te stel en hoe om seker te maak dat die projek volhoubaar is. Aanvanklik het ek gedink dat ek nooit in staat sou wees om 'n projek uit niks te begin en met die hulp van die komiteede te bedryf en goeie resultate te lewer nie. Ek kon egter 'n projek vir die opgaar van reënwater begin en finansiering van skenkers bekom om watertenks aan te koop en te installeer. Hierdie projek is aanvanklik beoog om die bedrag wat aan munisipale watergebruik bestee word, te verminder deur reënwater op te gaar en dit vir die spoel van toilette te gebruik.

Ons het goeie reënval gekry en kon die projek uitbrei om ook 'n groentetuin te begin, wat gehelp het om vars groente aan die kombuis te voorsien. Die leerders kon dus akademies en voedingsgewys uit hierdie projek voordeel trek. Hulle is geleer hoe om die hoeveelheid water te bereken wat nodig is om 'n spesifieke oppervlakte van die tuin te besproei, gegewe die tempo waarteen water per minuut drup, en ook om plantbevolking te bereken. Dit het aan hulle die geleentheid gebied om wiskundevaardighede nie slegs in die klas nie, maar ook in praktiese situasies te beoefen.

Die tweede projek wat ek aangevoer het, was *'Reading for meaning'* (Lees vir betekenis), wat ons leerders by die leierskap van die skool betrek en hulle van vaardighede voorsien het, deur die verbetering van hulle woordeskat en begrip. Hieruit het ek ook die vaardigheid van delegeer aangeleer, waarmee ek nie goed was nie. Ek het nou genoeg selfvertroue om 'n projek aan te voer en weet hoe om doelwitte te formuleer, planne te implementeer en seker te maak dat dit gemoniteer en geëvalueer word. Ek is selfversekerd genoeg om risiko's te loop en veranderinge, soos nodig, in die loop van die proses aan te bring.

Wat het jy van die GD SLB-kursus verwag en is daar aan jou verwagtinge voldoen?

Ek het eers gedink dat die kursus slegs bedoel is om my akademiese kennis te verbreed. Ek het besef dat dit veel verder strek en baie ander aspekte van leierskap en bestuur insluit wat ek nooit as deel van skoolleierskap en -bestuur beskou het nie. Ek het, byvoorbeeld, nooit besef dat datahantering en -insameling deel van skoolleierskap en -bestuur vorm nie. Ek het geleer dat datainsameling, -ontleding en -hantering 'n sleutelrol speel in die verbetering van leerders se leer en die vlak van dienslewering deur die opvoeders. Ek is dankbaar vir die deurlopende aanmoediging van die aanbieders.

Ronald Presher



Op watter maniere het die kursus tot jou persoonlike en professionele groei bygedra?

Die kursus was 'n transformerende ervaring op persoonlike en professionele vlak. Die kursus het beduidend tot my groei ten opsigte van verskillende aspekte bygedra en waardevolle insigte gebied wat my benadering tot leierskap in die opvoedkundige konteks hervorm het.

Wat is die mees beduidende insigte of ontwikkeling wat jy opgedoen het?

Een van die bydraes van die kursus met die grootste impak was die klem op strategiese leierskap. Ek het 'n omvattende begrip van organisatoriese dinamika opgedoen en geleer hoe om doeltreffende strategieë te formuleer en te implementeer. Hierdie kennis het nie slegs my besluitnemingsvaardighede versterk nie, maar my ook toegerus om met langtermynvisie te lei in die lig van die dinamiese uitdagings op die gebied van die opvoedkunde en die veranderinge waarby aangepas moet word.

Die kursus het my verwagting oortref deur die aanbod van 'n diverse kurrikulum wat nie slegs die teoretiese aspekte gedek het nie, maar ook die praktiese toepassing van leierskaps- en bestuursbeginsels in ko- en buitekurrikulêre aktiwiteite. Die omgang met werklike gevallestudies het my in staat gestel om die gaping tussen teorie en praktyk te oorbrug en my voorberei vir die kompleksiteit van opvoedkundige leierskap in die verskillende kontekste van ons diverse land. Die klem op samewerkende leer en die implementering van groeiprojekte in sommige modules het die

“Die omgang met werklike gevallestudies het my in staat gestel om die gaping tussen teorie en praktyk te oorbrug en my voorberei vir die kompleksiteit van opvoedkundige leierskap in die verskillende kontekste van ons diverse land.”

geleentheid gebied om idees met eweknieë uit te ruil, wat 'n ryk leeromgewing bevorder het.

My daaglikse beroepslewe spreek duidelik van die praktiese toepassing van die kennis en vaardighede wat ek deur die Werksplekprojek opgedoen het. Byvoorbeeld, ek het veranderingsbestuursstrategieë, wat spesifiek met die modereringsproses verband hou, met sukses in my skool geïmplementeer en dit het tot verbeterde doeltreffendheid en 'n positiewe organisasiekultuur gelei. Die kursus se fokus op kommunikasie en interpersoonlike vaardighede het my vermoë versterk om 'n samehörige span saam te stel en doeltreffend met belanghebbers, waaronder leerders, ouers en medeopvoeders, te kommunikeer.

In die toekoms sal ek die beginsels van leierskap en bestuur nie slegs in my huidige rol toepas nie, maar ook in toekomstige akademiese en professionele ondernemings. Die vaardighede wat ek in strategiese beplanning opgedoen het, sal deurslaggewend wees, aangesien ek daarna streef om hoër leierskapsrolle in die onderwyssektor in te neem. Daarbenewens het die kursus die ingesteldheid van 'voortgesette leer' by my ingeskerp en my aangemoedig om op die hoogte van nuwe tendense en innovasies in opvoedkundige leierskap te bly.

Wat het jy van die GD SLB-kursus verwag en is daar aan jou verwagtinge voldoen?

Oor die algemeen was die kursus bevorderlik vir my persoonlike en professionele ontwikkeling. Dit het nie slegs aan my verwagtinge voldoen nie, maar dit oortref, wat 'n robuuste grondslag bied vir leierskap en bestuur op die dinamiese en uitdagende gebied van die opvoedkunde. Die kennis en vaardighede wat ek opgedoen het, sal ongetwyfeld dien as 'n rigtinggewende krag om my toekomstige bydraes op akademiese en beroepsgebied te vorm.

Silokazana Mpahlwa

Op watter maniere het die kursus tot jou persoonlike en professionele groei bygedra en wat is die mees beduidende insigte of ontwikkeling wat jy opgedoen het?

Ek is baie bly dat die e-posse aan die skool my oortuig het om vir die kursus in te skryf. Ek het gevoel dat ek besig was om in my posisie as skoolbestuurder te stagneer en wou weer groei en ontwikkeling ervaar. Die kursus was 'n waardevolle ervaring, wat my aangespoor het en vir my 'n nuwe perspektief op die verskillende sferes van onderrig en leer, leierskap en bestuur, en onderwysbeleide en -stelsels gebied het.

Die dosente was kundig en het diep insig in die kursusmateriaal gebied. Ons is ook die geleentheid gebied om met professionele besoekers en ander professionele skoolbestuurders om te gaan, wat my gehelp het om waardevolle kennis en vaardighede op te doen. Die kursus het geleidelik tot 'n beduidende verandering in die manier waarop ek as 'n leier in my skool optree. In die geheel is ek dankbaar vir die ondervinding en die geleentheid om te leer en te groei.

Die eerste stap was om te verstaan wie ek as 'n persoon is en hoe ek etiese waardes in alles wat ek doen, kan handhaaf. Die kursus het my gehelp om my skoolkultuur en die gemeenskap waarvoor ek werk, te verstaan. Deur die skoolkonteks te verstaan, kon ek ons manier van goed doen met ander skole vergelyk en 'n beter perspektief kry op die hantering van die uitdagings wat ons as 'n skool, wat deur die apartheidserflating benadeel is, in die gesig staar. As 'n skoolbestuurder het ek besef dat ons, ten spyte van die werklikhede en kompleksiteite waarmee ons te doen kry, die verandering wat die leerders, personeel en gemeenskap tot voordeel sal strek, moet bewerkstellig. Ek pas die kennis van beleide, onderwysprosesse en -stelsels wat ek opgedoen het, met selfvertroue toe op ons bestuur, kurrikulum en assesseringsmedewerkings met belanghebbende, hetsy formeel of informeel. Ek is ook heelwat beter met besluitneming en probleemoplossing as voor die kursus.

Wat het jy van die GD SLB-kursus verwag en is daar aan jou verwagtinge voldoen?

Ek het heelwat meer uit die kursus geput as wat ek verwag het. Hoewel ek voorsien het dat ek van leierskap en bestuur, onderrig- en leervaardighede, en ander nuttige inligting oor skoolbedrywighede sou leer, het ek ook 'n dieper begrip van my as 'n skoolbestuurder en onderwyser opgedoen. Die kursus het aan my 'n omvattende begrip van onderwysstelsels en -prosesse gebied, waaronder verskillende leierskapstyle, die Suid-

Afrikaanse onderwyswetgewing, en konsepte soos dekolonisasie, 'verborge' kurrikulum en LGBTQI-vraagstukke. Ek was met sommige van hierdie konsepte vertrou, maar die kursus het my gehelp om dit meer diepgaande te verstaan en meer doeltreffend toe te pas.

Die groepbesprekings tydens die kursus het my veral gehelp om my netwerk uit te brei en waardevolle inligting te bekom. In alle modules het ons oor ons vordering besin en verbeteringe aangebring om uitnemendheid op alle gebiede van ons skool te verseker, en ek sal beklemtoon dat ons dit in die besonder mees dikwels doen.

Daarbenewens het die kursus van my vereis om meer te studeer, na te vors en te lees, en om daardie kennis op my assesserings toe te pas, wat my begrip uitgebrei het. Die kursus het ook daartoe bygedra om my nuwe krag te gee, deur van my te vereis om my begrip en toepassing van kennis te demonstreer – iets wat ek lank reeds vergeet het.

Hoe het jy die kennis en vaardighede wat jy in hierdie kursus opgedoen het, op praktiese situasies toegepas en hoe voorsien jy dat jy dit in jou toekomstige akademiese of professionele ondernemings sal gebruik?

Ek het diverse vaardighede en kennis opgedoen, wat ek suksesvol in verskeie skoolscenario's toegepas het. Ons doen strategiese beplanning vir 2024 om seker te maak dat ons goed voorbereid is en het ons 'SWOT'-ontleding in ag geneem. Ek maak seker dat ons saamwerk met alles wat ons doen, om beter idees op te lewer en mekaar te bemagtig.

Die kommunikasievaardighede wat ek opgedoen het, stel my in staat om die hulpmiddele en tegnieke wat ek geleer het, aan te wend om positiewe verhoudings te smee, konflik op te los, en duidelike en gereelde kommunikasie met almal te verseker. Ek benader enige nodige veranderinge omsigtig, bied raad aan en beweeg in klein stappe sodat ander nie oorweldig voel nie.

Ek verstaan dat die implementering van veranderinge aan kurrikulums, beleide, stelsels en prosesse geleidelik moet geskied om 'n gladde oorgang te verseker. Ek beplan om die kennis en vaardighede wat ek opgedoen het ten beste aan te wend en op die hoogte te bly van die nuutste tendense en ontwikkelings in die opvoedkunde. Ek beoog om bekwaam en kundig te bly as 'n beroepspersoon en bestuurder in die skool.

Dit was 'n uitdaging om te leer om 'n balans tussen my studies, skoolwerk en my persoonlike en gesinslewe te handhaaf. Dit was egter vir my 'n lonende reis en ek het die frase 'EK KAN' as my persoonlike mantra aangegryp.

SciMathUS speel deurslaggewende rol in Fisher-Smith se akademiese sukses



FOTO: Stefan Els

Toe Nadia Fisher-Smith se twee seuns, Daniel en Matthew, hoor sy gaan die titel “doktor” by die Universiteit Stellenbosch (US) ontvang, was hulle opgewonde dat hulle ma mense gaan gesond maak. “Ek moes aan hulle verduidelik dat ek nie daardie soort dokter sal wees nie,” lag Fisher-Smith. “So nou verwys hulle na my as ‘n wetenskaplike. My man, Charlton, reken ons deel die titel, so wanneer hy homself voorstel, sê hy: ‘Ek is half doktor Smith.’”

Daar is ‘n goeie rede vir Fisher-Smith se geliefdes se groot opgewondenheid oor haar PhD in genetika wat sy Dinsdag ontvang het. Sy is die eerste een in haar familie om hierdie akademiese mylpaal te bereik.

Hoewel sy oorspronklik beplan het om ‘n loopbaan in tandheelkunde te volg nadat sy haar matriek aan die Belhar Sekondêre Skool voltooi het, het haar planne verander toe die US se tandheelkunde-program in 2004 na die Universiteit

van Wes-Kaapland verskuif het. Dit het Fisher-Smith genoop om ‘n Baccalaureus Scientiae (BSc)-graad aan die US te volg.

Sy skryf haar akademiese sukses die afgelope dekade toe aan ‘n transformerende ingryping by die US wat die verloop van haar akademiese loopbaan van die begin af verander het.

Vroeë ingryping

“Toe ek by die US aansoek gedoen het, het ek ongelukkig nie aan die vereistes vir die BSc-program voldoen nie. ‘n Mentor het ingespring om leiding en ondersteuning te bied. Sy het voorgestel ek herhaal matriekwiskunde, en wat veral belangrik is, is dat sy vir my van SciMathUs vertel het. Dit is ‘n program wat deur die Universiteit aangebied word om studente te help om hulle akademiese prestasie te verbeter,” verduidelik Fisher-Smith.

Dit was vir haar ‘n belangrike keerpunt om by SciMathUS aan te sluit “Toe ek met die program begin, het dit gou duidelik geword dat ek nie ten volle voorbereid was op die strafheid van studie op universiteitsvlak nie. Die SciMathUs-program het nie net my wiskundige vaardighede verbeter nie, maar ek het ook waardevolle ondersteuning en hulpbronne ontvang om akademies uit te blink. Terugskouend het SciMathUS my ‘n waardevolle geleentheid gegee om my grense te verskuif en my verwagtinge te oortref.

"Gedurende my tyd by SciMathUS het ek tot 'n diepgaande besef gekom wat my perspektief en benadering tot die lewe vir altyd verander het. Die program beklemtoon die waarde van harde werk, onwrikbare vasberadenheid en die belangrikheid daarvan om alternatiewe maniere te ondersoek om 'n mens se doelwitte te bereik. Dit was 'n diep ervaring wat 'n onuitwisbare indruk op my persoonlike en akademiese ontwikkeling gelaat het.

"Een van die belangrikste goed wat ek by SciMathUS geleer het, is dat terugslae en onverwagte ompaaie op 'n mens se opvoedkundige pad in geleenthede vir groei omskep kan word. SciMathUS het 'n deurslaggewende rol in die kweek van hierdie ingesteldheid gespeel. Dit het my geleer dat teëspoed 'n trappie na sukses eerder as 'n struikelblok kan wees as dit met die regte gesindheid en 'n bereidwilligheid om te volhard, benader word. Hierdie les is sedertdien 'n rigtinggewende beginsel op my opvoedkundige reis wat my in staat stel om uitdagings te oorkom en aan te hou strewende na my doelwitte.

"Danksy my verbeterde akademiese prestasie het ek toelating gekry om 'n baccalaureusprogram in natuurwetenskap aan die US te volg. Hierdie prestasie het direk uit die voorbereiding en ondersteuning wat ek by SciMathUS ontvang het, voortgevloei. Dit is 'n bewys van hoe die program my effektief vir die uitdagings van universiteitstudie gereed gemaak het."

Waardevolle mentorskap

Nadat sy haar BSc-graad verwerf het, het Fisher-Smith se passie vir genetica eers tot 'n honneursgraad in die vak en toe tot 'n meestersgraad op dieselfde vakgebied gelei en het sy aan gevorderde navorsingsprojekte deelgeneem.

Sy het "ongelooflik geëerd" gevoel toe haar genetikadosent, prof Anna-Maria Botha-Oberholster, haar gekies het om deel van haar navorsingspan te wees. "Sy was my mentor én huidige studieleier en het belangrike finansiële

"Een van die belangrikste goed wat ek by SciMathUS geleer het, is dat terugslae en onverwagte ompaaie op 'n mens se opvoedkundige pad in geleenthede vir groei omskep kan word."

"Die belangrikste is om aan te hou om vorentoe te beweeg, selfs wanneer die pad onseker lyk, want dit is die reis self wat bepaal wie jy word."

ondersteuning en morele aanmoediging op my akademiese reis verskaf. Haar geloof in my potensiaal het 'n diep persoonlike vasberadenheid aangevuur om haar keuse te bekragtig," sê Fisher-Smith.

Die titel van haar PhD-verhandeling is "An investigation into the wheat (*Triticum aestivum* L.) host response to Russian wheat aphid (*Diuraphis noxia* Kurd.) feeding". Plantluise is insekte wat koringplante vreet en kan aansienlike skade aan gewasse kan aanrig, wat boere se opbrengste van hulle lande verlaag, verduidelik Fisher-Smith. "My studie het ten doel gehad om te ondersoek of geneties gemodifiseerde koring meer verdraagsaam teenoor plantluisaanvalle kan wees. Ek sien nou daarna uit om my werk as genetikus voort te sit, betekenisvolle bydraes tot die wetenskaplike gemeenskap te lewer en die balans tussen my rolle as toegewyde navorser, 'n liefdevolle vrou en 'n trotse ma te handhaaf."

Fisher-Smith sê sy voel oorweldig deur al die boodskappe van ondersteuning en gelukwense wat sy van vriende en familie ontvang het. Haar reis was merkwaardig en vervullend, merk Fisher-Smith op en sy is ontsettend dankbaar vir die voorreg om 'n toegewyde pad in die wetenskap deur die akademie te volg. Die talentvolle genetikus sien daarna uit om in 2024 met nadoktorale navorsing te begin.

Fisher-Smith bied aan studente wat onsekerheid en uitdagings ondervind, die volgende wyse woorde: "Moenie huiwer om hulp en ondersteuning by mentors, onderwysers of programme soos SciMathUS te gaan vra nie. Mentors het 'n deurslaggewende rol gedurende my reis gespeel, en om iemand te hê wat in jou potensiaal glo, kan 'n baie groot verskil maak.

"Onthou, jou reis is uniek en jou potensiaal is eindeloos. Dit is miskien nie 'n eenvoudige pad nie, maar met vasberadenheid en uithouvermoë kan jy jou pad deur die draaie vind en uiteindelik jou bestemming bereik. Die belangrikste is om aan te hou om vorentoe te beweeg, selfs wanneer die pad onseker lyk, want dit is die reis self wat bepaal wie jy word."

- Hannelie Booyens

'n Trotse Protea

Nicola Smith

Harde werk en baie ondersteuning van familie het Nicola Smith gehelp om te kom waar sy vandag is – 'n Protea-netbalspeler wat haar land by die 2023 Netbal-wêreldbeker en die Statebondspele verteenwoordig het. Sy het van 2019 tot 2022 BEd (Intermediêre Fase) gestudeer en aan die einde van 2022 graad gevang. Dit het heelwat beplanning gekos om haar studies te voltooi terwyl sy dikwels vir haar netbalverantwoordelikhede moes reis.

Hoe het dit gevoel om in die Netbal-wêreldbeker te speel?

Dit was wonderlik om in die Netbal-wêreldbeker te kon speel. Vir my was die tuisskare die lekkerste. Om my familie en bekende gesigte ná elke wedstryd te kon sien, het alles net soveel meer die moeite werd gemaak. Om jou land in só 'n toernooi en in jou eie land en die area waar jy grootgeword het, te verteenwoordig, is 'n gevoel wat ek vir niemand sal kan verduidelik nie. Ek is baie dankbaar daarvoor.

Was daar uitdagings in jou netballoopbaan?

My grootste uitdagings was vir seker beserings. Ek het elke jaar voor 'n groot toernooi met die een of ander besering gesukkel. Danksy Karen Frey, my fisioterapeut in Durbanville, was ek gelukkig altyd betyds terug op die baan. Ek moes baie hard werk om aan die Netbal-wêreldbeker te kon deelneem. Dit het glad nie maklik gekom nie. Ek het in Desember 2022 'n knie-operasie gehad en om daarvan te herstel en nog steeds in die span opgeneem te kon word, het bitter baie tranes en gebed gekos. Met die Here se genade het ek dit reggekry en ek gee alle eer aan Hom.

Hoe het jy met jou studies bygehou terwyl jy soveel verantwoordelikhede met netbal gehad het?

Dit was nogal moeilik. Aangesien ons met netbal so baie toer en weg van die huis af is, was dit baie moeilik om klas te loop en om take en toetse betyds in te gee. My dosente het baie gehelp en vir my redelike uitstel gegee vir my take en toetse omdat my omstandighede met die netbal die studies bietjie moeilik gemaak het. Ek wil net baie dankie sê vir dr Chrischar Rock – as dit nie vir haar was nie, het ek nie vandag my graad gehad nie.

Waarom het jy besluit om opvoedkunde te studeer?

Ek het 'n groot liefde vir kinders en wil baie graag met hulle werk. Ek wil ook vir my gemeenskap (Durbanville) teruggee wat hulle my ten opsigte van my netbal gebied het. Onderwys is my passie.

My oupa was 'n professor in statistiek by Universiteit Stellenbosch en my tannies is onderwysers.

Waar het jy skoolgegaan?

Ek was van graad 1 tot 12 in Durbanville Voorbereidingskool, die Laerskool Durbanville en die Hoërskool Durbanville. Daar is drie mense wat ek in my skoolnetballoopbaan moet uitsonder: Juffrou Adél Mostert – sy was my graad 2-juffrou, maar tans is sy die skoolhoof. Juffrou Anne-Marie Stoffberg van die Hoërskool Durbanville was my Engelse juffrou asook ons netbalorganiseerder by die skool en die geleenthede wat sy vir ons gebied het is net iets om voor dankie te sê. Grant Daniels was my afrigter van graad 8 tot matriek. As dit nie vir hom was wat my van hulpdoel (HD) na verdediger (V) verskuif het nie, weet ek nie waar ek vandag sou wees met my netbal nie.

Wat is jou toekomsplanne?

Ek wil eers net netbal speel. Dit is bietjie moeilik om in die onderwys te wees en elke maand 'n oefenkamp te hê of rond te toer en nie by die skool te wees nie. Ek gaan in 2024 vir ses maande in Engeland netbal speel. Wanneer my netballoopbaan klaar is, wil ek onderwys gee. Ek moet sê, ek sien baie daarna uit om eendag my eie klassie te hê.

Watter raad het jy vir jong sportsterre?

Die belangrikste is om altyd in jouself te glo en daardie ekstra vyf minute se oefening in te sit wat die res van die spelers nie doen nie. Kry ook vir jou 'n sterk ondersteuningsgroep – daarsonder kan jy nie.

Wie inspireer jou?

My ma is definitief my inspirasie. Sy is my beste vriendin en ons doen alles saam. Sonder haar en my pa sou my netballoopbaan ná skool ten einde geloop het.





“Die belangrikste is om altyd in jouself te glo en daardie ekstra vyf minute se oefening in te sit wat die res van die spelers nie doen nie. Kry ook vir jou ‘n sterk ondersteuningsgroep – daarsonder kan jy nie.”

FOTO: Stefan Els

Nasionale Onderwystoekenning vir Dillon Henwood

“Maak dit jou missie om die mees bevoegde, mees kreatiewe, mees medelydende en mees toegewyde onderwyser moontlik te wees. Kinders se lewens hang daarvan af ... en ook die lot van ons land.”



FOTO: Verskaf

Alumnus Dillon Henwood het in 2023 'n Nasionale Onderwystoekening ontvang. Hy is 'n onderwyser by die Laerskool Elnor in Elsie'srivier en het die toekening vir Uitnemendheid in Laerskoolonderrig (graad 1-7) ontvang. Hy was van 2015 tot 2018 'n student in die Fakulteit Opvoedkunde.

Hoe voel jy oor hierdie toekening?

Dit was 'n absolute eer om hierdie toekening te ontvang. Dit dien as bevestiging dat ek op die regte spoor is en het my voorneme om steeds die beste onderwyser moontlik te wees, versterk.

Vertel gerus meer oor die projekte wat jy by jou skool aangevoer het.

Ek het verskeie programme begin en gekoördineer:

- Vakansie-voedingskema in 2019 wat ongeveer 400 maaltye per dag aan leerders en gemeenskapslede verskaf.
- Middelmisbruikprogramme by die skool.
- Skoolversuim- en uitsakprogramme om leerders in die skoolstelsel te behou en uitsakkers in die skool terug te kry.
- 'n Tweevlakleerprogram om leerders se toegang tot die kurrikulum te verbeter.
- 'n Waardigheidsprogram wat skryfbehoeftes, skooluniforms, sanitêre produkte en ander noodsaaklikhede aan behoeftige leerders voorsien.
- Gratis jaarlikse opvoedkundige kampe vir ons graad 5, 6 en 7 leerders.
- 'n Geletterdheidsprogram vir leerders wat nie kan lees nie, wat in Januarie 2024 sal begin.
- Ek het my ondervinding as 'n hoofredakteur by Die Matie gebruik om 'n skoolkoerant by die skool te begin. Leerders het die artikels geskryf, redigering en proefleeswerk gedoen, foto's geneem, met vertalings gehelp, en so meer. Ongelukkig kan die skool egter nie meer bekostig om die uitgawes te druk nie. Hierdie projek is dus opgeskort.

Wat motiveer jou?

Eenvoudig gestel – my liefde vir kinders.

Waarom het jy besluit om 'n onderwyser te raak?

Ek was nog altyd geesdriftig oor tale en ek is baie lief vir kinders. Onderwys kombineer twee van my grootste liefdes.

Hoe dink jy kan die onderwysstelsel in Suid-Afrika verbeter word?

Daar is heelwat wat gedoen moet word om SA se onderwysstelsel te verbeter. Onderwysstudente moet beter toegerus word om in die konteks van behoeftige skole onderrig te gee.

Graad R moet verpligtend wees en ouers wat versuim om die skoolbywoning van kinders van verpligte skoolgaande ouderdom te verseker, moet beboet word. Daar moet minder oorvol klaskamers wees en opvoeders moet in remediërende onderrig opgelei word.

Skoolgebaseerde ondersteuningspanne moet opgelei en met die nodige hulpbronne en steunstrukture toegerus word. Die vorderings- en bevorderingsvereistes vir leerders moet verhoog word – te veel leerders word na die volgende graad oorgeplaas voordat hulle daarvoor gereed is en hulle leerstruikelblokke vererger net.

Maatskaplike werkers moet in openbare skole in behoeftige gemeenskappe aangestel word. Later kan die onderwysstelsel verbeter word deur die onnodige administratiewe take van onderwysers, wat onderrigtyd in beslag neem, te verminder.

Meer alternatiewe skole (byvoorbeeld, skole vir leerders met spesiale behoeftes en vaardigheidsskole) moet ook gevestig word vir leerders wat nie in die hoofstroomskole die mas opkom nie.

Wat is jou raad aan onderwysstudente en jong onderwysers?

Maak dit jou missie om die mees bevoegde, mees kreatiewe, mees medelydende en mees toegewyde onderwyser moontlik te wees. Kinders se lewens hang daarvan af ... en ook die lot van ons land.

Wat is jou toekomsplanne?

Ek beoog om genoeg steunstrukture by my huidige skool te vestig en genoeg opvoeders op te lei om my rolle oor te neem, voordat ek uiteindelik na ander skole aanbeweeg om hierdie inisiatiewe te repliseer.

Harde werk word beloon

Die Universiteit Stellenbosch (US) het einde 2023 die jaarlikse Rektorstoeënning vir Uitnemende Prestasie aangebied. Die formele galadinee het die uitstaande prestasies van studente in die akademie en op ko-kurrikulêre gebied gevier. Alice Elizabeth White en Lynn Grant van Fakulteit Opvoedkunde het toekennings vir akademiese uitnemendheid ontvang.

"Hierdie toekenning was 'n groot verrassing. Op skool het niemand aan my gedink as akademies sterk nie en daardie stigma het op universiteit by my gebly. Die ontvangs van hierdie toekenning bewys aan my dat ek enigiets kan regkry as ek vasbeslote is en dat ek die mag het om die wêreld op my eie manier te verander," sê White.

White is tans 'n onderwyser en hierdie toekenning stel haar ook in staat om aan haar klas te bewys dat hulle nooit moet toelaat dat 'etikette' hulle definieer nie en dat hulle enigiets kan bereik. Sy het 'n BEd (Intermediêre Fase) en doen tans haar honneurs in Kurrikulumondersoek: Wetenskaponderwys. Haar navorsingsprojek handel oor die oorgang van wetenskaponderwysers se pedagogiese benaderings na die een-en-twintigste eeu.

"Jy maak reg om die vertoning van jou lewe te gee en wil graag 'n glimlag op al die kindergesiggies plaas."

Die praktikums was vir haar die hoogtepunt van haar voorgraadse studies. "Praktikums is soos 'n mediese student wat hulle eerste chirurgiese prosedure uitvoer. Jy berei voor, oefen en stres die hele nag voor die tyd. Jy maak reg om die vertoning van jou lewe te gee en wil graag 'n glimlag op al die kindergesiggies plaas.

"Die Rektorstoeënning is 'n spesiale erkenning van die harde werk en opofferings wat ek vir my studies maak. Dit laat my voel dat ek raakgesien word en dat wat ek doen die moeite werd is," sê Grant.

"Dit laat my voel dat ek raakgesien word en dat wat ek doen die moeite werd is."

Grant het in 2023 haar Honneurs-BEd in Kurrikulumondersoek gedoen. Van 2019 tot 2021 het sy haar BSc in Menslike Lewenswetenskappe gedoen en in 2022 het sy haar Nagraadse Onderwysertifikaat afgehandel.

"Ek het onderwys gaan studeer omdat ek nog altyd baie in biologie belang gestel het en daarvan hou om mense te help om goed te verstaan. Die mense wat my loopbaankeuse die meeste beïnvloed het, is die wonderlike onderwysers wat ek in my grootwordjare gehad het, waaronder me Jagesar, me Gevers en me Moolman," sê Grant.

"Een hoogtepunt van my Nagraadse Onderwysertifikaat was die onderrig van professor Nuraan Davids en dr Marie-Louise Botha. Hulle is albei kenners op hulle onderskeie gebiede en dit was regtig 'n hoogtepunt om deur hulle onderrig te word," sê Grant.



Prof Nico Koopman, Alice Elizabeth White en Prof Madiba



Prof Nico Koopman, Lynn Grant en Prof Madiba

Opvoedkunde Studentekomitee streef na uitnemendheid



Zoe-Grace Bennett
Voorsitter



Xavier Benyani
Ondervoorsitter



Revando van Wyk
Sekretaris



Nadia Parker
Tesourier



Jodie Lewin
Bemarking & Media



Faizal Saban
Studente-
verhoudings



Nerisha Jagwanth
Geleenthedes



**Siphumeze
Tshongweni**
Sosiale Geregtigheid
(Transformasie)



Tyrese Human
Professionele
Ontwikkeling



Jade Hartnick
Sosiale Impak

2024, met heelwat belofte en potensiaal, lê voor en bied aan ons 'n skoon doek waarop ons die helder kleure van ons visie en waardes kan aanbring.

Die Opvoedkunde Studentekomitee (OSK) vir 2023/24 omarm 'n standvastige verbintenis tot die handhawing van uitnemendheid, verantwoordbaarheid, integriteit, menswaardigheid, respek en die bevordering van innovasie en eienaarskap. Ons onwrikbare verbintenis bly gewortel in hierdie waardes van ons universiteit en stuur ons fokus in die komende jaar in die rigting van ons kernmissie. Hierdie grondwaardes dra by tot die koestering van 'n dinamiese en ondersteunende akademiese gemeenskap en vorm die grondslag waarop ons aspirasies vir 2024 gebou word.

Die OSK is daartoe verbind om 'n inklusiewe en diverse omgewing aan te kweek en ons werksaamhede word op rigtinggewende beginsels gegrond. Ons prioritiseer die skep van 'n verwelkomende ruimte waarbinne elke student, ongeag hulle agtergrond of oortuigings, gewaardeer en ingesluit voel. Ons verbintenis tot die omarming van diversiteit verryk ons akademiese reis en versterk ons gemeenskap. Ons glo vas dat die aanbied van geleenthede noodsaaklik vir studenteprestasie is. Ons mik dus daarna om 'n platform te bied waar studente kan verken, groei en uitblink. Deur die koestering van 'n kultuur van respek en begrip, streef ons daarna om studente te bemagtig om

hulle talente ten toon te stel en hulle volle potensiaal te verwesenlik. Integriteit en verantwoordheid onderlê alles wat ons doen; dit is die hoekstene van ons pogings. Ons is onwrikbaar daarop ingestel om die hoogste etiese standaarde te handhaaf deur seker te maak dat alles wat ons doen deur verantwoordbaarheid, eerlikheid en deursigtigheid gekenmerk word. As OSK-lede verstaan ons die belangrikheid van ons posisie en bly ons daaraan toegewy om op verantwoordelike wyse aan die behoeftes van ons studente te voldoen.

Voorts onderstreep ons visie die belangrikheid van netwerkvorming en medewerking oor die verskillende fakulteitsdepartemente heen. Ons verstaan die integrale rol wat sterk verhoudings speel in die ondersteuning van studentesukses, die koestering van akademiese groei en die bevordering van uitnemendheid oor dissiplines heen. Hierdie medewerkingspogings is daarop gemik om 'n netwerk te vorm wat geleenthede versterk, akademiese vordering fasiliteer en verseker dat uitnemendheid elke faset van ons akademiese gemeenskap deurdring. Waar ons op hierdie reis na 2024 vertrek, nooi ons julle om by ons aan te sluit in ons pogings om 'n omgewing te skep wat studentesukses en akademiese uitnemendheid koester. Julle ondersteuning, voorligting en medewerking is uiters waardevol waar ons saamwerk om ons gemeenskaplike doelwitte te bereik.

- Zoe-Grace Bennett

'n Dans om te onthou vir 2023 se vierdejaars

Die vierdejaarsdans, met die tema 'Klassieke Swart en Wit: 'n Dans om te Onthou', was 'n heerlike viering van die transformerende reis van ons studente op hulle pad na opvoeders.

Die sukses van hierdie bekoorlike geleentheid is moontlik gemaak deur die onwrikbare steun van ons gewaardeerde fakulteitsadministrateurs en die toegewyde vierdejaarsdanskomitee. Hulle gesamentlike pogings het 'n onvergeetlike aand moontlik gemaak, wat bygewoon is deur 'n groep van ongeveer 120 persone, waaronder die dekaan, prof Madiba, en ander gesiene fakulteitslede.

La Pineta, by Forest 44 het 'n dromerig skoonheid aan die geleentheid verleen, wat dit tot 'n waarlik onvergeetlike ervaring verhef het.

Vir die deelnemende studente was die geleentheid 'n belangrike oomblik op hulle reis. Dit was 'n


feestelike afsluiting van die einde van hulle akademiese tyd aan die Universiteit Stellenbosch. Dit het die einde van een era van hulle lewens en die begin van 'n nuwe hoofstuk aangedui.

Sommige van die studente het gesê dat die dans 'n pragtige huldeblyk aan die mees buitengewone vierjaar lange reis was!

Die vierdejaarsdans het ons studente nie slegs gevier nie, maar ook die samewerkende gees wat hulle akademiese gemeenskap definieer onderstreep en 'n onuitwisbare indruk gelaat op die harte en geheues van almal wat dit bygewoon het.

- Shené Stassen

Foto's: Verskaf



TERUGBLIK:

Vierdejaars deel hulle ervarings

2023 se vierdejaars het hulle studentejare begin met die uitdagings wat COVID-19 gebring het. Ten spyte hiervan het hulle sukses behaal en is hulle gereed om die klaskamers aan te durf. 'n Paar studente deel hulle ondervindings.

Charnay Mahoney

Ek sou die afgelope vier jaar as 'n rit op 'n tuimeltrein beskryf. Ek was nie net een van die studente wat hulle pad deur die uitdagings van Covid-19 moes vind en by aanlyn leer aanpas nie, ek het ook talle akademiese en persoonlike uitdagings getrotseer en moes besluit tot watter mate ek sou toelaat dat dit my beïnvloed.

Dit alles het my sterk en veerkragtig gemaak. Dit het my gedwing om uit my gemaksones te tree en aktief gebruik te maak van geleenthede vir selfverbetering en die ontwikkeling van vaardighede wat ek in die professionele en persoonlike sektore van my lewe kan gebruik.

Die beste deel van hierdie reis was die vriendskappe wat ek gesmee het. Dit was iets waarmee ek dikwels gesukkel het, maar hierdie groep mense is nou my ondersteuningstelsel in enigiets wat ek sou aanpak. Ek het geleer dat die mense waarmee jy jou omring, 'n uitbreiding van jou energie, jou oortuigings en jou doelwitte is. Dit is aanvaarbaar om selektief te wees.



James de la Cruz

Ná vier jaar se studie in opvoedkunde voel ek gereed om 'n positiewe invloed op toekomstige geslagte Suid-Afrikaners te wees. Studentwees aan die Universiteit Stellenbosch het my aangespoor om die jeug se denke te versterk en ook om konstruktiewe maatskaplike verandering aan te moedig. Eers ná die afhandeling van my vierde jaar kan ek tot die gevolgtrekking kom dat ek nou toegerus is met vaardighede wat jong verstande sal besiel, nuuskierigheid sal aanvuur, en beduidende verskille in mense se lewens en gemeenskappe teweeg sal bring – wat my aanvanklike doelwit was.

Die geesdrif vir leer wat in my lesings aan my oorgedra is, sal nou in my onderrigomgewings voortleef, waar ek beoog om die verandering van lewens te koester en te help om 'n mooier, meer opgevoede wêreld te skep.



Layla Taliep

Ons studies het in 2020 begin. As ek dus sê dat ons met 'n groter omwenteling as die meeste ander begin het, is dit waar. Dit was 'n lang en moeilike reis, maar ek sou dit vir niks verruil nie. Dit was van die beste jare van my lewe en ek is so dankbaar vir die hulp en ondersteuning van diegene wat ek tydens my studiejare ontmoet het.



Emma Swart

Sjoe, waar moet ek begin? Dis moeilik om hierdie ervaring in enkele woorde op te som. Die afgelope vier jaar was 'n reis vol laagtepunte (soos toe ons aangesê is om op te pak en huis toe te gaan, onwetend dat ons eers 'n jaar later sou terugkeer) en hoogtepunte (soos leer en proefonderrig saam met soveel wonderlike toekomstige onderwysers). Kortliks sou ek sê dat hierdie tyd verrykend, transformerend en inspirerend was. Ek sien uit na die verandering wat my jaargroep in die onderwysstelsel teweeg sal bring en die talle lewens wat ons almal sal aanraak.



Prakties in skole rus studente toe vir die klaskamer

Prakties in skole is 'n noodsaaklike deel van 'n student by Fakulteit Opvoedkunde se opleiding. Praktiese Leer gee aan studente die vaardighede en selfvertroue om in hulle eie klasse in te stap en 'n sukses te maak. Lees die volledige Praktiese Leer Nuusbrief deur die QR-kode te skandeer.



FOTO'S: Pierre Rommelaere



Miguella Kennedy (B.Ed 379)

My beste leerervaring gedurende my 2023 prakties was om deel te wees van die konsert en die feit dat ek deel van die personeeldans was. Die personeel het my laat welkom voel en alhoewel hulle almal jonk was, het hulle my gewys wat 'n goeie span kan doen.

Die kinders het my opgewonde gemaak om skool toe te gaan. Hulle het my laat uitsien om eendag my eie klas te hê! My mentor onderwyser was die beste en ek kon elke dag van prakties so baie van haar ook leer!

“Die kinders het my opgewonde gemaak om skool toe te gaan. Hulle het my laat uitsien om eendag my eie klas te hê!”

- Miguella Kennedy

“Ek het geleer om geduldig te wees en om verskeie onderrigmetodes te gebruik om 'n diverse groep leerders te ondersteun.”

- Christopher Potgieter



Christopher Potgieter (B.Ed 477)

As wiskunde onderwyser, moes ek my passie vir die vak deel met my leerders asook hulle inspireer om selfvertroue te kry in hul wiskundige vermoëns. Ek het geleer om geduldig te wees en om verskeie onderrigmetodes te gebruik om 'n diverse groep leerders te ondersteun.

Ek het 'n interaktiewe en praktiese benadering gevolg tydens meeste van my lesse om nuwe konsepte duideliker te maak en het die doeltreffendheid daarvan raakgesien in my leerders se assessering. My tyd by Laerskool Eikestad was 'n uitdagende, maar bevredigende ervaring wat my eie begrip van wiskunde verdiep het terwyl ek die volgende generasie gehelp het om te groei.

“Storietyd het werklik die krag om ‘n lewenslange passie vir leer en ontdekking aan te wakker.”

- Wendy August



Wendy August (B.Ed 479)

Tydens my onderwysprakties het ek die ongehooflike impak van storietyd op jong kinders besef. Dit was ‘n magiese ervaring om te sien hoe hul verbeelding die hoogste ingeskiet het terwyl hulle hulself verdiep in die boeiende verhale wat ons gedeel het. Volgens my persoonlike mening het storietyd ‘n gekoesterde oomblik geword, wat ‘n liefde vir lees aangewakker het en nuuskierigheid aangewakker het. Om hul gesigte van opgewondenheid te sien verlig en hul gretige vrae te hoor, het my met vreugde vervul. Storietyd het werklik die krag om ‘n lewenslange passie vir leer en ontdekking aan te wakker.

Om ‘n sterk kommunikeerder te wees is ‘n moet, maar om goed te luister is ook een van die belangrikste vaardighede wat nodig is om ‘n onderwyser te wees.

- Juanika Fritz



Juanika Fritz (B.Ed 479)

Om ‘n effektiewe onderwyser te wees, moet jy jou leerders ken. Om jou leerders te ken, stel jou in staat om voor te berei en realistiese verwagtinge in die klaskamer te stel.

As onderwyser is jy ‘n rolmodel wat die toon aangee vir die klas. As jy in staat is om entoesiasme en toewyding te toon, is jou leerders meer geneig om ook so op te tree. Om ‘n sterk kommunikeerder te wees is ‘n moet, maar om goed te luister is ook een van die belangrikste vaardighede wat nodig is om ‘n onderwyser te wees.

Om ‘n goeie onderwyser te wees behels meer as om simpatie en geduld te betoon, dit gaan daaroor om ‘n passie te hê om te leer en individue te vorm in sterkdenkende mense wat in staat is om hul drome na te jaag.



William Sezoe (B.Ed 477)

Gedurende my 2023 prakties het ek besef dat as klasonderwyser moet ek altyd seker maak my lesse is akkommoderend en inklusief sodat elke leerder daarby kan baatvind.

Dosent van die jaar 2023 aangewys

Drie dosente deel die toekenning *Dosent van die jaar 2023* wat deur die studente aangewys is: **Me Chelsea Bronn**, **Dr Chrischar Rock** en **me Agatha Lebethe**. Bronn en Rock vertel wat dit vir hulle beteken.

Chelsea Bronn

Wat beteken hierdie toekenning vir jou?

Dit is vir my 'n groot eer om hierdie toekenning te ontvang. As 'n jong dosent, gee die feit dat die studente dit vanjaar geniet het om my klasse by te woon en dat ek 'n positiewe impak op hulle akademiese jaar kon maak, aan my selfvertroue.

Wat geniet jy die meeste van jou werk?

Die mees lonende aspek van my werk is my omgang met die studente. Vir my is daar geen lekkerder gevoel as om te sien hoe 'n mens se studente hulle doelwitte bereik en nuwe konsepte en vaardighede, waarmee hulle regdeur die jaar werklik gesukkel het, onder die knie kry nie.

Wat motiveer jou?

Ek word gemotiveer deur my deurlopende strewe daarna om 'n beter opvoeder te wees, om te streef na die bereiking van die doelwitte wat ek vir my stel, om nuwe maniere uit te dink om onderwerpe aan te bied, sodat studente se belangstelling behou word, en om seker te maak dat my klasse 'n bemoedigende en veilige ruimte is vir leer om plaas te vind.

Jou raad vir studente?

My raad aan studente is om altyd jou beste te lewer en nooit op te gee nie. Ek weet dat dit soms oorweldigend op universiteit kan wees. Met harde werk en toewyding sal jy egter jou doelwitte bereik en die voordele daarvan pluk.

Gebruik elke geleentheid wat aan jou gegun word en onthou dat goeie onderwysers lewenslange leerders is.



Me Chelsea Bronn
Engels & Letterkunde
Praktiese Leer
Deeltydse Dosent



Dr Chrischar Rock
Praktiese Leer
Koördineerder
Dosent
Departement
Kurrikulumstudie



Me Agatha Lebethe
Grondslagfase
Koördineerder
Dosent
Departement
Kurrikulumstudie

Het jy 'n stokperdjie of wat doen jy om te ontspan?

Wanneer ek nie doseer nie, hou ek daarvan om my gunsteling televisiereekse in te haal, lang ente in die buitelig te gaan stap, en veral om met 'n regtig goeie boek in die een hand en 'n koppie tee in die ander te sit en lees.

Dr Chrischar Rock

Wat beteken hierdie toekenning vir jou?

Dit is 'n groot eer om deur die studente erken te word. In ons daaglikse werk vergeet ons dikwels dat ons rolmodelle vir ons studente is, en ons hoop dat die waardes wat vir ons belangrik is, soos harde werk, uitnemendheid en verantwoordbaarheid, spreek uit alles wat ons doen.

Wat geniet jy die meeste van jou werk?

Ek floreer op interaksie met ons studente en die vind van nuwe en ander maniere om met kollegas mee te werk aan die verbetering van ons onderrig, leer, assessering en navorsing in onderwysopvoeding.

Wat motiveer jou?

Ek word gemotiveer deur die feit dat ek 'n impak op die lewens van soveel jongmense, met die potensiaal om plaaslik en internasionaal groot hoogtes te bereik, kan hê.

Jou raad vir studente?

Gryp elke geleentheid wat oor jou pad kom aan om beter te wees en beter te doen.

Het jy 'n stokperdjie of wat doen jy om te ontspan?

Ek geniet rotsskildery, in die buitelig stap en daar is heelwat misdaadromans wat ek nog graag wil lees!

Vyf steunpilare gegroet

Aan die einde van 2023 het vyf steunpilare van die fakulteit afgetree. Hulle is Prof Faaiz Gierdien, Prof Doria Daniels, me Jeannie Saffier, me Sally le Roux en Prof Yusef Waghid. Vier van hulle deel 'n paar van die hoogtepunte tydens hul loopbane en in 'n aparte artikel word die akademiese bydraes van Prof Waghid gedeel.

Prof Faaiz Gierdien



Prof Gierdien was 17 jaar lank 'n medeprofessor in Fakulteit Opvoedkunde. Hy deel 'n paar van die hoogtepunte van sy loopbaan:

- My mentorskap van Alwyn Olivier, wat my gehelp het om die waarde en gebruik van Excel-sigblaai om 'n mens se begrip van wiskunde, algebra in die besonder, te verdiep, raak te sien;
- Voortgesette medewerking met prof Cyril Julie van die Universiteit van die Wes-Kaap op die gebied van professionele ontwikkeling;
- Voortgesette medewerking met kollegas aan universiteite in die Wesoeer en Gaza in besette Palestina;
- Die aanmoediging van prof Aslam Fataar om die GG Cillie-gebou met betrekking tot die Visuele Herstel aan die Universiteit Stellenbosch-inisiatief te bestudeer en 'oop te maak';
- Die ondersteuning van prof Michael le Cordeur tydens sy ampstermyn as hoof van die Departement Kurrikulumstudies; en laastens
- Dr Omar Esau wat my in staat gestel het om aan sy rugbylegendesprojek vir die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (SARU) deel te neem.

Prof Gierdien noem ook dat hy sy interaksies oor wiskundeonderwys met dr Erna Lampen en Agatha Lebethe en die hulp wat hy van Nahmie Latief, Lorraine van As en Cyril Williams ontvang het, sal mis.

Prof Doria Daniels



Prof Doria Daniels, Departement Opvoedkundige Sielkunde, het in 2001 by die Universiteit Stellenbosch (US) aangesluit. As die US se direkteur van Gemeenskapsimpak, het sy die Eenheid vir Diensleer en Gemeenskapsinteraksie gestig en die proses van die institusionele versterking van gemeenskapsdiens as die derde kernkomponent van die Universiteit se funksie begin. Sy het egter die akademie gemis en in 2003 het sy die moeilike besluit geneem om na onderrig terug te keer deur as 'n medeprofessor by die Departement Opvoedkundige Sielkunde aan te sluit. In 2011 is sy tot volle professor bevorder. Sy deel enkele van haar loopbaanhoogtepunte:

- Ek het 'n PhD in internasionale en interkulturele studies en my proefskrifnavorsing was oor die bemagtiging van opvoedkundig gemarginaliseerde vroue deur basiese onderwys vir volwassenes.
- Een hoogtepunt uit my tweede jaar as universiteitslektor, was die toekenning van die toonaangewende Cyril O Houle Genootskap vir Volwassene- en Voortgesette Onderwys. Hierdie genootskap, wat deur die Kellogg-stigting in die VSA geborg word, het my in staat gestel om met invloedryke internasionale volwassene-onderwystoerici en medewerkers soos proff Sharan Merriam en Karen Monkman saam te werk.
- Nog 'n hoogtepunt in my loopbaan was my aanstelling as die eerste swart vroueprofessor in die Fakulteit Opvoedkunde aan die US. Ek het my intreedende met die titel, *Decolonising the researcher's mind about southern research: Reflections from the field* (Dekolonisering van navorsersdenke oor suidelike navorsing: Besinnings uit die veld) in November 2011 gelewer. Sedertdien is slegs een ander swart vroueprofessor in die Fakulteit aangestel.

- Dit is altyd 'n hoogtepunt in die loopbaan van enige gevestigde akademikus om deur invloedryke hoëronderrysinstellings as besoekende professor en vakkundige uitgenooi te word. Ek was bevoorreg om vier besoekende professore te ontvang – twee in die VSA, een in Kenia en een in Duitsland.

Prof Daniels sê dat sy die daaglikse vakkundige interaksies met studente en kollegas sal mis. "In my 20 jaar as 'n professor in opvoedkundige sielkunde het ek talle individue teëgekome wat my lewe beïnvloed het en wie se kennis, werketiek en kollegialiteit ek vir ewig sal waardeer. Sommige van hierdie verhoudings sal ná aftrede voortduur." As 'n emeritusprofessor bly sy steeds betrokke by Departement Opvoedkundige Sielkunde en die Fakulteit Opvoedkunde, aangesien sy steeds as studieleier vir magister- en doktorsale studente se navorsing sal optree. Sy is ook deel van 'n internasionale volwassene-onderwysnavorsingsprojek oor lae geletterdheid, wat in vyf lande geloods word en 'n medewerker aan die internasionale navorsingsnetwerk (IRN) van die Wêreld- Opvoedkundige Navorsingsvereniging (WERA). Sy sien daarna uit om haar eie navorsingsbelangstellings te verken en om die boek wat so lank al agterweë moes bly, uiteindelik te skryf.

Jeannie Saffier



Jeannie Saffier se reis by Universiteit Stellenbosch het 16 jaar gelede begin. Sy was van 2007 tot April 2016 'n administratiewe beampte vir *South-to-South* op die Tygerbergkampus van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Op 1 Mei 2016 het sy as 'n departementele beampte in die Departement Kurrikulumstudies begin werk en haar tyd aan die US is op 31 Augustus 2023 afgesluit as 'n hoof- finansiële beampte in die Fakulteit Opvoedkunde. Sy is ingevolge 'n vastetermyntontrak van 01 September 2023 tot 31 Augustus 2025 as 'n administratiewe koördineerder vir die Funza Lushaka Beursskema aangestel.

Saffier deel enkele hoogtepunte uit haar loopbaan:

- Die doeltreffende handhawing van die finansiële beleide om die departemente op die regte spoor te hou, en ook die geleenthede vir verdere studie in die vakgebied van finansies, wat my toegelaat het om my vaardighede in my rol se funksie in die Departement Kurrikulumstudies te slyp, was enkele van die hoogtepunte van

my tyd aan die Universiteit Stellenbosch.

- Ek het dit ook geniet om met die Funza Lushaka Beursskema te help, aangesien ek sterk voel oor die voorsiening van die nodige steun hiervoor aan die studente in ons Fakulteit. Dit was bykomend tot my rol in die Departement.
- Ek sal die kameraadskap van eendersdenkende personeellede, wat die werksomgewing lig en pret gemaak het, mis.

Saffier sal die fakulteit tot en met 2025 steeds bystaan met die Funza Lushaka Beursskema en sien daarna uit om tyd te hê vir baie reis en om meer tyd aan die gemeenskapsinisiatiewe waarby sy reeds betrokke is, te wy.

Sally le Roux



Sally le Roux verlaat die fakulteit ná 34 jaar. Sy het by Departement Kurrikulumstudies begin, waar sy ongeveer 16 jaar lank gewerk het. Daarna was sy ongeveer 10 jaar lank in die Kantoor van die Visedekane. Sy het haar loopbaan by die fakulteit afgesluit as 'n senior administratiewe beampte by die Nagraadse Kantoor.

Sy deel 'n paar hoogtepunte van haar loopbaan:

- Om saam met die twee nuutaangestelde visedekane, prof Arend Carl (Onderrig en Leer) en prof Lesley le Grange (Navorsing) die Afdeling van die Visedekane te kon begin. Dit was 'n eerste vir die Fakulteit en natuurlik ook 'n uitdaging.
- Nog 'n hoogtepunt was die IAACS-kongres (Internasionale Vereniging vir die Bevordering van Kurrikulumstudies) wat ons in 2009 by die Lord Charles Hotel aangebied het. Ek was in die reëlingskomitee. Dit was 'n baie uitdagende tyd, maar die kongres was 'n reusesukses. Daarna was ek by nog drie kongresse betrokke, en dit is ook waar ek baie van die akademici ontmoet het met wie ek vandag nog skakeling het.
- Ek sal die mense met wie ek saamgewerk het baie mis. Uit die aard van my werk het ek baie skakeling met studente asook akademici van ander universiteite gehad. Ek het baie goeie verhoudings deur die jare opgebou.

Le Roux beplan om meer tyd in haar oefenprogram in te sit en om aan meer uitdagende padwedlope deel te neem. Sy wil ook jaarliks op Mauritius by haar dogter en kleinkinders kuier. Kansa en die Hospies lê haar na aan die hart en sy wil daar betrokke raak.

Prof Waghid se akademiese bydraes gevier voor sy aftrede


Prof Yusef Waghid se fenomenale akademiese bydraes is in November voor sy aftrede aan die einde van 2023 deur die Departement Opvoedingsbeleidstudies by die Fakulteit Opvoedkunde gevier.

Prof Yusef Waghid, Uitgelese Professor in Fakulteit Opvoedkunde, 'n toonaangewende Afrika-filosoof van opvoedkunde, het drie doktorsgrade in die velde van onderwys, beleid en filosofie van onderskeidelik die Universiteit van Wes-Kaapland en Universiteit Stellenbosch verwerf. As 'n professor sedert 2002 is hy vereer met die titel van uitgelese professor (2014-2023) op grond van sy navorsingsuitnemendheid aan die Universiteit Stellenbosch. Hy is 'n produktiewe skrywer met 419 publikasies, waarvan 54 akademiese boeke en geredigeerde versamelings is en 89 genooide bydraes tot boeke. Hy het 35 PhD-kandidate tot voltooiing bevorder, 58 doktorsgrade geëksamineer en die Vereniging vir die Ontwikkeling van Onderwys in Afrika se gesogte Education Research in Africa-toekenning; Uitstaande Mentor van Onderwysnavorsers (2015) ontvang.

Hy het regdeur sy ampstermyn leidende bestuursposisies by Universiteit Stellenbosch beklee, soos dat hy aangestel is as voorsitter van die Departement Opvoedingsbeleidstudies (2003-2007, 2022); en Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde (2007-2012; 2017-2018). In hoofsaak het sy langdurige verhouding met onderwys begin as 'n hoërskool wetenskaponderwyser (1979-1996) voordat hy by hoër onderwys as 'n senior onderwysadviseur aangesluit het om sy professionele loopbaan in hoër onderwys te bevorder (1996-).

Prof Nuraan Davids, Voorsitter Departement Opvoedingsbeleidstudies, het oor haar studie as PhD-student met prof Waghid as studieleier gedeel. Sy het hom bedank vir die baie hoë

“Baie van die denke wat in ons intellektuele werk ingaan, het terloops gebeur. Jy hoef nie 'n formele vergadering te hê om oor 'n idee te praat nie.”



standaarde wat hy gestel het en vir die invloed wat hy op baie kollegas en studente gehad het. “Ons kan net daarna streef om reg te laat geskied aan die toon en verwagtinge wat jy gestel het.”

Prof Madiba, Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde, het prof Waghid bedank vir sy onvermoeide toewyding, transformerende leierskap en onwrikbare toewyding tot die bevordering van opvoedkunde.

Prof Waghid het in sy afskeidsboodskap gesê hy het altyd geweet daar sal 'n dag kom dat hy formeel by 'n instelling moet aftree. Hy het gepraat oor drie woorde wat hy dink die platform vorm wat hy deur sy akademiese loopbaan gebruik het. Hierdie woorde is wonder, dwaal en fluister. Hy het gesê dat dit jou help om te wonder omdat dit jou menslike denkvermoë oortref om verder te gaan as die idees van rede en regverdiging. “Al die studente wat ek teëgekom het, het my laat wonder, want ek wil graag hoop dat ek genoeg gedoen het sodat hulle self ook kan wonder.”

Hy het gesê reis is wat jou laat ronddwaal en ontdek. Hy en prof Nuraan Davids het aan sestiende boeke saamgewerk, en hy het gesê dat daardie boeke soms op 'n lughawe of in die strate van 'n groot stad gekonseptualiseer is. “Baie van die denke wat in ons intellektuele werk ingaan, het terloops gebeur. Jy hoef nie 'n formele vergadering te hê om oor 'n idee te praat nie.”

Hy het verduidelik dat die woord fluister vir hom beteken dat hy nie die antwoorde het nie, so hy sê dit nie hardop nie, want daar is die moontlikheid dat hy verkeerd kan wees. “Fluistering is jou vermoë om jou eie foute raak te sien.”

Horisonne Oorbrug: 'n Suid-Afrikaanse akademikus se reis na die SANORD-konferensie in Noorweë

Dr Elzahn Rinquist, 'n dosent in Departement Opvoedingsbeleidstudies het in 2023 die SANORD-konferensie in Noorweë bygewoon en vertel van haar ervarings.

In die hartjie van Noorweë, tussen die ongerepte fjords en berge wat bo alles uittoon, is ek opgeneem in 'n transformerende opvoedkundige ervaring wat geografiese grense getransendeer het. My bywoning van die internasionale opvoedkundige konferensie in Noorweë as 'n Suid-Afrikaanse akademikus, was nie slegs 'n professionele onderneming nie; dit was 'n sielsroerende verkenning van globale pedagoogiese landskappe.

Die konferensie, 'n smeltkroes van diverse idees en perspektiewe, het aan my 'n unieke platform gebied om met mede-opvoeders, navorsers en beleidsvormers van regoor die wêreld om te gaan. Ek is veral getref deur die gladde versnit van Noorweegse warmte en doeltreffendheid, wat 'n omgewing geskep het waarbinne medewerking kon floreer en kennis vrylik gevloei het.

Noorweë se beroemde onderwysstelsel, wat veral vir sy innovasie en inklusiwiteit bekend is, het 'n lewendige klaskamer geraak. Ek was bevoorreg om sessies onder leiding van baanbrekeropvoeders by te woon, waar gedelf is in onderwerpe wat strek van inklusiewe onderrigmetodes tot die integrasie van tegnologie in klaskamers.

Elke bespreking was 'n openbaring en het waardevolle insigte gebied, wat ek in ons Suid-Afrikaanse konteks kon oorweeg. Maar dit was die interaksie met medebywoners, buite die mure van die konferensiesale, wat waarlik my ervaring verryk het.

Ek was betrokke by geesdriftige gesprekke oor die uitdagings en oorwinnings van die onderwys in die verskillende uithoeke van die wêreld en kon gemeenskaplike gronde vind in ons gedeelde



verbintenis tot die bemagtiging van studente en die aankweek van 'n liefde vir leer.

Die kultuuruitruiling het verder as die formele sessies gestrek. Die verkenning van die prentjiemooi Noorweegse dorpie, Hamas, saam met nuutgevonde vriende, die genieting van die plaaslike kookkuns en begrip vir die nuanses van hulle opvoedkundige etos het 'n holistiese perspektief gebied wat akademiese grense kon transendeer.

Ek het Noorweë verlaat met 'n skatkis van kennis, maar ook 'n hernude gevoel van doelgerigtheid. Die ervaring het my horisonne verbreed en my daaraan herinner dat onderwys 'n universele taal is wat ons almal, ongeag ons oorsprong, verbind. Ek het geïnspireerd en verkwik na Suid-Afrika teruggekeer, gretig om die lesse wat geleer is, toe te pas en tot die globale dialoog oor onderwys by te dra.

My reis na Noorweë was meer as net 'n konferensie; dit was 'n transformerende swerftog wat my geloof in die mag van onderwys om kulture te oorbrug, verstande te inspireer en 'n beter, onderling verbonde toekoms vir ons almal te skep, herbevestig het.

- Dr Elzahn Rinquist

LEER KEN: Dr Paseka Chisale

Dosent: Departement Kurrikulumstudie

Dr Paseka Chisale het in Januarie 2024 by Fakulteit Opvoedkunde aangesluit as dosent in Lewensvaardighede. Hy vertel meer oor sy loopbaan en doelwitte.

Vertel ons van jou loopbaan tot op hede.

Tot einde 2023 was ek 'n dosent by die *STADIO School of Education* in Pretoria. Ek het 'n BED met spesialisasie in kunsonderwys en liggaams-opvoeding, 'n HonsBED in assessering en gehalte-versekering in onderwys en 'n MEd, en ek is tans besig met my PhD in opvoedkunde, wat 'n selfstudie in die opleiding van onderwysers in die skeppende kunste sal verken.

My navorsingsbelangstellings sluit die verkenning van kunstegebaseerde ondersoeke en onder-
rigpraktyke in die skeppende kunste in. Voordat ek by *STADIO Higher Education* aangesluit het, het ek kunsonderwys aan die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van die Vrystaat gedoseer.

Waarom het jy die posisie in die Fakulteit Opvoedkunde aanvaar?

Ek wou nog altyd graag op Stellenbosch onderrig gee. Ek wou egter as 'n gesoute vakkundige na die Universiteit Stellenbosch toe kom. Nou het ek die geleentheid om my loopbaan aan hierdie vooraanstaande instelling te bou.

Wat is jou visie en doelwitte vir 2024?


My visie vir 2024 is om uit my eie ervaring en navorsing te put om my praktyke te onderlê en my studente van doelbewuste ruimtes vir betrokkenheid by kunsonderwys te voorsien. Ek beoog om minstens twee publikasies uit te gee en finansiering te bekom om my navorsing voort te sit.



Watter rol dink jy kan onderwys in Suid-Afrika speel?

Onderwys speel 'n noodsaaklike rol in die aanpak van sosio-ekonomiese kwessies en die vorming van die trajek van ons nasie.

Dit het die mag om diegene wat ons land regeer, verantwoordbaar te hou en om praktiese oplossings as dryfkrag vir die vooruitgang van ons nasie te vind.



LEER KEN: Dr Koopman

Senior Lektor: Departement Kurrikulumstudie



Ek het 'n ryk en lonende professionele geskiedenis van 24 jaar (1999 to 2023) agter die rug gehad voordat ek my akademiese loopbaan aan die Universiteit Stellenbosch begin het. My akademiese loopbaan het teen die einde van 2008 as lektor in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Kaapse Skiereiland

Universiteit van Tegnologie (KSUT) begin. Destyds was my fokus op die onderrig van chemie en kurrikulumstudies op voor- en nagraadse vlak.

Nadat ek in 2013 my doktorsale studies aan die Universiteit Stellenbosch afgehandel het, het ek begin om my nisgebied in navorsing, fenomenologie, te vind. In 2017 is my toewyding en bydraes tot navorsing deur bevordering tot die posisie van senior lektor in wetenskaponderwys erken. In my dienstyd van veertien jaar aan die KSUT is my toewyding aan die akademie deur verskeie toekennings erken. In 2019 het ek die Goue Toekenning vir Uitnemendheid in Navorsing ontvang, gevolg deur die toonaangewende Platinum Toekenning in 2021. In 2019 het ek ook die Global Scholar-toekenning van Brock Universiteit in Toronto, Kanada, ontvang.

Vóór my universiteitsloopbaan, was ek 'n onderwyser by verskeie sekondêre skole, waar ek wiskunde, natuurwetenskap en lewenswetenskap aan graad 10 tot 12 onderrig het. Hierdie reis weerspieël my onwrikbare verbintenis tot die verbetering van die gehalte van onderwys en navorsing, en voortgesette persoonlike en professionele groei. Ek benader die volgende hoofstuk aan die Universiteit Stellenbosch met geesdrif, optimisme en 'n sterk begeerte om betekenisvol tot die akademiese gemeenskap by te dra.

Hierdie instelling strook met my aspirasies en bied die ideale platform vir die aktualisering van my beroepsdoelwitte en die vervulling van die visie wat ek vir my rol het. My primêre doelwit is medewerkende omgang met die voorste akademiese wêreldwyd, wat 'n bevorderlike omgewing vir baanbrekersbydraes in my vakgebied sal skep. Vanjaar kon ek die Hoof (Visirektor) van die Universiteit van New Orleans in die Verenigde State uitnooi om 'n gaslesing oor assesseringspraktyke aan my Nagraadse Onderwysertifikaat-studente te lewer. Hierdie inisiatief het beoog om 'n internasionale perspektief op assessering te

bied en die akademiese ervaring vir my studente te verryk. Ek was medeskrywer van 'n boek, *Decolonisation of the South African University: Towards Curriculum as Self-Authentication*, wat in William Pinar se uitgelese boekreeks, *Curriculum Studies Worldwide*, gepubliseer is. Pinar is bekend as een van die voorste kurrikulumvakkundiges wat nog lewe. Nog 'n hoogtepunt van die jaar was die webinaar wat ek vir personeel en studente aan die Universiteit van Ghana aangebied het.


As akademiese in die Fakulteit Opvoedkunde word ons rol onderstreep deur die opdrag om die kenniswerkers van die toekoms te vorm. Dit noodsaak 'n transformerende verbintenis tot die toerus van onderwysstudente met die kennis en vaardighede wat noodsaaklik vir uitnemendheid in hulle beroep is. Die impak van ons pogings streks oor diverse vakgebiede, waaronder geneeskunde, wetenskap, ingenieurswese, programmatuurontwikkeling, argitektuur, sosiale wetenskappe, sielkunde en die politiek, onder andere. Die gehalte van die onderwysers wat ons kweek, word die hoeksteen waarop hierdie professionele landskappe gebou word. Ons het gevolglik 'n monumentale taak, wat 'n pligsgetroue bewustheid van ons rol as opvoeders en voorbeelde vereis. Ons verantwoordelikheid strek verder as die blote uitgee van kennis – ons moet toekomstige onderwysers besiel om die diverse rolle van diegene wat in die toekoms deur hulle gevorm sal word, te visualiseer en na te streef.

“In wese sluit my visie 'n holistiese verbintenis tot die inspirasie van uitnemendheid, die bevordering van navorsing en die aankweek van inklusiwiteit binne die onderwyslandskap in.”


My belangrikste ambisie is die smee van noue en betekenisvolle bande met skoolhoofde, onderwysers en leerders in histories benadeelde skole. Ek erken die unieke uitdagings wat hierdie skole in die gesig staar en is daartoe verbind om te help met die aankweek van 'n omgewing wat akademiese groei koester, billikheid bevorder en noodsaaklike steun bied. In wese sluit my visie 'n holistiese verbintenis tot die inspirasie van uitnemendheid, die bevordering van navorsing en die aankweek van inklusiwiteit binne die onderwyslandskap in.

Gepubliseerde boeke deur Fakulteit Opvoedkundese personeel


Fakulteit Opvoedkundese personeel spog met verskeie boeke wat gedurende 2023 publiseer is. Gelukwensings aan Prof Yusuf Waghid, Prof Micahel le Cordeur, Dr Oscar Koopman, Prof Nuraan Davids en Prof Aslam Fataar.




Prof Yusef Waghid




Prof Yusef Waghid




Prof Michael le Cordeur




Prof Michael le Cordeur




Dr Oscar Koopman




Prof Nuraan Davids







Prof Aslam Fataar



Prof Yusef Waghid



Prof Yusef Waghid



Bloomsbury boekreeks: Prof Yusef Waghid

Buite-die-boks-leer met digitale ontsnapkamerassesserings

'n Dosent in Fakulteit Opvoedkunde met 'n ingebore nuuskierigheid en belangstelling in innoverende leer, het haar onderwysstudente uitgedaag om die wêreld van spelifiering te verken om die opvoedkundige materiaal in hulle klaskamers meer interessant te maak.

Die meeste leerders sal vir jou sê daar is niks lekker aan assesserings nie. Maar wat van assesserings wat in 'n aanlyn ontsnapkamer plaasvind met die vrae wat as leidrade dien en slegs korrekte antwoorde wat die deur sal oopmaak? Delecia Davids, 'n dosent in Fakulteit Opvoedkunde, met 'n belangstelling in ontwerpgebaseerde leer, is besig om die grense van konvensionele assessering te verskuif deur spelifiering as onderriginstrument

te bevorder. Die idee het kort voor die pandemie in 2020 ontstaan nadat Davids geïnspireer is deur 'n projek van die Hasso Plattner Institute of Design aan Stanford Universiteit, "The deeper learning puzzle bus", wat ontwikkel is in reaksie op bevindings dat gestandaardiseerde toetse selde belangrike vaardighede soos kritiese denke, samewerking en kommunikasie meet. Die bus is in werklikheid 'n afleweringvragmotor wat as 'n mobiele ontsnapkamer herbou is. Dit ry rond na verskillende skole waar kinders aktief met leermateriaal kan omgaan en leidrade kan oplos om uit die ontsnapkamer te kom.

Die idee het Davids se belangstelling geprikkel en sy het 'n soortgelyke toepassing in plaaslike klaskamers begin oorweeg toe die pandemie toegeslaan het, en skole en universiteite noodgedwonge moes sluit. Davids moes noodgedwonge haar idees aanpas en oorweeg hoe 'n ontsnapkamer in 'n aanlyn ruimte kan werk en of sy 'n manier sou kon bedink om haar



Finalejaarstudente (2023) by die US se Fakulteit Opvoedkunde: Annie Thomson, Michaela Chetty, Tiffany Reynolds en James de la Cruz saam met hulle dosent, Delecia Davids, voor Davids se virtuele ontsnapkamer. FOTO: Verskaf

“Die bedoeling destyds was om maniere te vind om studente te help om iets soortgelyks vir hulle vakspesialisasie te ontwerp.”

studente aan te moedig om saam te werk, al was fisiese interaksie nie moontlik nie. “Die bedoeling destyds was om maniere te vind om studente te help om iets soortgelyks vir hulle vakspesialisasie te ontwerp.” Sy het Google Slides en 'n Google-vorm as grondslag vir die ontsnapkamer gebruik, en het 'n tydhoutoestel, raaisels en leidrade met hiperskakels daarin ingebed. Sy erken dat sy haar ontsnapkamer indringend getoets het voordat sy dit met haar studente gedeel het. “Ek is deur my eie kwesbaarheid oor tegnologie gekonfronteer. Voordat ek my studente die kamer wat ek ontwerp het, laat ervaar het, het ek al my skakels getoets. Ek het saam met my studente geleer.”

Nadat sy die konsep aan haar studente gedemonstreer het, het sy hulle gevra om hulle eie ontsnapkamers te ontwerp. Hulle is ook aangemoedig om hulle ontwerpe in die opvoedkundige ruimte te toets deur dit by die kurrikulum in te sluit. Davids erken dat haar studente nie baie entoesiasies oor haar aanbieding van die ontsnapkameruitdaging was nie. Hulle was veral bekommerd oor of hulle die tegnologie onder die knie sou kry om die aanlyn assessering te skep, en oor waar hulle die tyd sou vind om hierdie assesserings by hulle lesse in te sluit. Nadat hulle egter met die ontsnapkamer geëksperimenteer en hulle eie in groepe ontwerp het, kon hulle sien hoe doeltreffend dit as 'n assesseringsinstrument kon wees.

Annie Thomson, 'n vierdejaar-onderwysstudent, het groot sukses met haar aanlyn ontsnapkamer in haar graad 4-klaskamer behaal. Sy het 'n Microsoft PowerPoint-platform gebruik sodat haar leerders selfs ondanks verbindingprobleme toegang tot die speletjie sou kon kry. Haar leerders moes aan die einde van hulle lessegment 'n assesseringsaktiwiteit voltooi en volgens Thomson het sy die ontsnapkamergebruik “om die les interessanter te maak en 'n aspek van leer – en nie net hersiening nie – te betrek”. Aangesien die assessering toevallig op Harry Potter-dag geval het, het Thomson haar speletjie op 'n Hogwarts-tema gegrond en speel dit in professor Sprout se kruiekunde klas af. Eers nadat leerders die vrae suksesvol beantwoord en die leidrade ontsluit het, kon hulle ontsnap en sodoende die assessering afhandel.

Finalejaarstudent, Tiffany Reynolds, merk op dat spelifiering besonder goed werk vir kinders in die intermediêre fase, van graad 4 tot 7, wat geneig is om weerstand teen leer te bied. “Dit wys vir hulle dat kennis pret en begeerlik is.” Sy sê onderwysers moet aanhou leer saam met hulle leerders. “Ons moes die gestoei omarm en self leer (hoe om die tegnologie toe te pas).” Nog 'n finalejaarstudent, James de la Cruz, sê dat, hoewel dit 'n uitdaging sal wees om die tyd te vind om speletjies by die kurrikulum in te sluit, hy wel die voordele van die insluiting daarvan by sy lesplanne insien.

Die doel was om studente te laat wegbeweeg van agnostiese onderrigmetodes – waar hulle net onderrig wat hulle weet, verduidelik Davids. “Ons moet kreatiewe vertroue by onderwysers vestig.” Daarom was dit vir haar belangrik om self die gebruik van die toepassing te modelleer, sodat sy aan haar onderwysstudente kon wys dat om foute te maak 'n noodsaaklike deel van die proses is. “Die opwindendste aspek van die hele reis was om saam met die studente te leer en te sien hoe hulle verder gaan as wat verwag is.” Michaela Chetty, nog een van Davids se finalejaarstudente, sê: “Nou kan ons dit wat ons gekry het (die gereedskap om speletjies in te sluit), gebruik om 'n omwenteling teweeg te bring.” Die spelifiering van leer moedig groter betrokkenheid aan en is 'n deurlopende leerproses vir die onderwysers en hulle klasse.

“Die ontsnapkamer-assessering kan as 'n produk gekommersialiseer word of as 'n oop bron aan skole verskaf word.”

Hoewel dit nog in 'n baie vroeë fase is, het die US se aanlyn assesseringsbenadering opvoedkundige uitgewers se aandag getrek. “Die ontsnapkamerassessering kan as 'n produk gekommersialiseer word of as 'n oop bron aan skole verskaf word,” sê Davids. Haar belangstelling op hierdie gebied duur voort, en sy het onlangs saam met dr Anthea Jacobs, 'n akademiese adviseur by die US se Sentrum vir Onderrig en Leer, 'n plakkaataanbieding getiteld “Using escape rooms to develop the digital competencies of Natural Science pre-service teachers” by die 30ste Internasionale Konferensie oor Leer in Brasilië aangebied. Davids het ook saam met Elzette le Roux, 'n akademiese adviseur in aanlyn leer by die US se Sentrum vir Leertegnologieë, 'n boekhoofstuk oor die konseptualisering van die digitale ontsnapkamer as assesseringstrategie geskryf. Die boek verskyn binnekort. Davids beplan 'n kortkursus vir studente en onderwysers in die skep en ontwikkel van opvoedkundige ontsnapkamers.

- Anél Lewis

Vir jou dagboek

15 Maart

TeacherCalm geleentheid

12 April

Staffroom Chatter Podsending

Uitdagings in die klaskamer en hoe ek dit oorkom het.

22 Junie

TEDx Stellenbosch Ed geleentheid

21 September

Vir skoolhoofde: Ontbyt met die Dekaan

4 Oktober

Wêreldonderwysersdag paneelbespreking

Meer inligting sal op sosiale media volg.



<https://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/education>